
# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

God begin nuut- met jou!



Ons hulp is in die Naam van die Here,
die Een wat die chaos stilmaak,
wat die ark laat dryf,
wat die duif stuur,
en wat die reënboog span oor ons lewens.
Hy is getrou – van ewigheid tot ewigheid.


Genade, barmhartigheid en vrede van God
ons Vader en van Jesus Christus, wat God
se genade vir ons kom wys het, en van die
Heilige Gees, wat soos ’n duif oor ons kom
en met ons sal wees.

# Lied 214: 1

Here, ons sal U loof,

u weldade roem.

U Naam sal ons eer,

almagtige Heer,

want U het wonders gedoen.

# L 214:2

Here, ons sal U loof.

U het ons verlos,

uit duister bevry;

ons harte verbly -

dit het u lewe gekos.

# L 214:3


Here, ons sal U loof,

u weldade roem.

Dis U wat voorsien,

ons wil U graag dien

en U ons Vader noem.




# Genesis 6-8



Is daar nog hoop?
Die wêreld is in chaos!
Vir mense wat voel
dat die chaos ons oorspoel…



Vir mense wat voel
dat die chaos ons oorspoel
wil Noag se verhaal ‘n venster
op God se betrokkenheid oopmaak



**God se opdrag aan Noag om '<u>n ark te bou en dat</u>**
**<u>HY aan almal en alles daarin dink, is die fokus</u>**
**<u>van hierdie boodskap</u>!**

# Palistrofe – paralelle herhaling of spieëlbeeld

| | | |
|---|---|---|
| A | Noag | (6:10a) |
| B | Sem, Gam en Jafet | (10b) |
| C | Ark moet gebou word | (14-16) |
| D | Vloed aangekondig | (17) |
| E | Verbond met Noag | (18-20) |
| F | Voedsel in die ark | (21) |
| G | Opdrag om ark binne te gaan | (7:1-3) |
| H | 7 dae wag vir vloed | (4-5) |
| I | 7 dae wag vir vloed | (7-10) |
| J | Gaan ark binne | (11-15) |
| K | Die Here sluit ark se deur | (16) |
| L | 40 dae vloed | (11-15) |
| M | Water word meer | (16) |
| N | Berge toe onder water | (17a) |
| O | 150 dae van water | (17b-18) |
| **P** | **God dink aan Noag** | **(8:1)** |
| O | 150 dae water neem af | (3) |
| N | Bergtoppe sigbaar | (4-5) |
| M | Water word minder | (5) |
| L | 40 dae einde | (6a) |
| K | Noag maak ark se venster oop | (6b) |
| J | Kraai en duif verlaat ark | (7-9) |
| I | 7 dae wag vir water op te droog | (10-11) |
| H | 7 dae wag vir water op te droog | (12-13) |
| G | Opdrag om ark te verlaat | (15-17[22]) |
| F | Voedsel buite die ark | (9:1-4) |
| E | Verbond met hele wêreld | (8-10) |
| D | Geen vloed in toekoms nie | (11-17) |
| C | Ark | (18a) |
| B | Sem, Gam en Jafet | (18b) |
| A | Noag | (19) |




# God begin nuut

– ‘n Boodskap van hoop




1

‘n Nuwe begin is nodig

Mense maak dit nodig



# Hoofstuk 6

5. Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, 6. was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.





1

'n Nuwe begin is nodig

Mense maak dit nodig

**Vloed - simboliseer die chaosmagte wat vernietigend is**




2


‘n Nuwe begin is moontlik!

God maak dit moontlik



8. Maar Noag is deur die Here begenadig.... Noag was 'n regverdige man (het met God gewandel). Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef.

14“Maak vir jou (bou) 'n ark van goferhout...




2


‘n Nuwe begin is moontlik!

God maak dit moontlik

# Die ark – God se plan van aksie in die chaos



1. Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was, en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het teruggetrek...




2

'n Nuwe begin is moontlik!

God maak dit moontlik

Nie "toe" nie, maar "en"
Hoop vir moedelose &
uitgelewerde mense




3

Leef met daadwerklike verwagting!



8. Noag het toe 'n duif losgelaat om te probeer vasstel of die water al van die aarde af verdwyn het. 9. Maar oral op die aarde was daar nog water, en die duif kon nie 'n rusplekkie kry vir die holte van sy voet nie en het na Noag toe in die ark teruggekom. Hy het dit toe met sy hand gevang en in die



ark teruggesit. 10. Noag het toe nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark uit losgelaat. 11. Teen die aand het die duif na hom toe teruggekom, nogal met 'n varsgeplukte olyfblaar in sy bek. Toe het Noag geweet dat die water op die aarde opdroog.




12. Hy het nog sewe dae gewag en die duif losgelaat, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.




3

Leef met daadwerklike verwagting!

In my wandel met die Here moet ek altyd rekening  met God hou en met sy verrassende nuwe deubrake




4

Wees oop vir verrassings
(8:11)




**…nogal met ‘n varsgeplukte olyfblaar in sy bek.**

**Genesis 8:11**


‘n Nuwe verbintenis
- nuwe verhouding



8. Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: 9“Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle en julle nageslag... 11. Ek sal my verbond met julle hou: mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die aarde sal oorweldig nie.”12. Toe het God gesê: “Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en die wilde diere by julle, 'n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld: 13. my reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde.


‘n Nuwe verbintenis
- nuwe verhouding

# Lied 241: 1

Troue Here van my lewe,

God by wie ek vrede vind;

Vader wat my skuld vergewe,

dankbaar leef ek as u kind.

# L 241:1 (vervolg)

Vrees vir straf laat my nie weifel,

want u liefde laat geen twyfel;

ja, ek weet in sondesmart:

U is trooster van my hart.

# L 241:2

U die kenner van ons harte,
sien my skuld en ken my nood.
Ek treur, vol berou en smarte,
want my sonde bring die dood.

# L 241:2 )vervolg

Ja, U sien my hart se wonde,

sien my ly oor al my sonde,

Christus laat my voor U staan,

deur sy bloed neem U my aan.

# L 241:3

Deur u Seun skenk U genade,

in geloof neem ek Hom aan;

Hy verlos my van die kwade,

Hy sal altyd met my gaan.

# L 241:3 (vervolg)

Al is ek in skuld gebore,

is ek in Hom uitverkore

voor u Woord in skeppingsmag

nag geskei het van die dag.

Mag die Here jou dra soos Hy Noag gedra het,
Mag Hy jou voed soos Hy die duif gestuur het,
Mag Hy jou omvou met die kleure van sy reënboog, en mag jy weet: God begin nuut – met jóú.
Amen.